NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-
EKSAMEN

SEPTEMBER 2010

**AFRIKAANS HUISTAAL**
**TWEEDE VRAESTEL**

**PUNTE : 80**
**TYD : 2½ UUR**

NOORDWES PROVINSIE

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2010

# AFRIKAANS HUISTAAL – TWEEDE VRAESTEL

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.

VOORSKRIFTE

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **POËSIE** | **(30 punte)** |
| **AFDELING B:** | **ROMAN** | **(25 punte)** |
| **AFDELING C:** | **DRAMA** | **(25 punte)** |

4. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

5. Beantwoord VYF VRAE in totaal: 3 uit AFDELING A,<br>1 uit AFDELING B en<br>1 uit AFDELING C.

   Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

6. Skryf elke keer die nommer van die vraag en elke onderafdeling net soos dit op die vraestel aangedui is.

7. Laat 'n reël oop tussen vrae.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 40 minute<br>
   AFDELING B: ongeveer 55 minute<br>
   AFDELING C: ongeveer 55 minute

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:**<br>**Voorgeskrewe gedigte:**<br><br>**GEDIGTE**<br>**Beantwoord ENIGE TWEE vrae:** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** |
| 1. Behoefte aan ongunstige weers- en ander omstandighede | Opstelvraag | 10 punte |
| | **OF** | |
| 2. Herinnering | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| | **OF** | |
| 3. Twee kleuters in die Vondelpark | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| | **OF** | |
| 4. die straatkind | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| **EN**<br><br>**Ongesiene gedig:**<br>**Beantwoord ENIGE EEN vraag** | | |
| 5. Dit is volbring | Opstelvraag | 10 punte |
| | **OF** | |
| 6. Dit is volbring | Kontekstuele vraag | 10 punte |
| **AFDELING B:**<br>**Beantwoord EEN vraag uit die volgende:***<br>**ROMAN** | | |
| 7. Manaka plek van die horings | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 8. Manaka plek van die horings | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 9. Die kwart-voor-sewe-lelie | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 10. Die kwart-voor-sewe-lelie | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 11. Vatmaar | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| 12. Vatmaar | Kontekstuele vraag | 25 punte |

| AFDELING C:<br>Beantwoord EEN vraag uit die volgende:*<br>DRAMA | | |
|---|---|---|
| 13. Krismis van Map Jacobs | Opstelvraag | 25 punte |
| | OF | |
| 14. Krismis van Map Jacobs | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| | OF | |
| 15. Mis | Opstelvraag | 25 punte |
| | OF | |
| 16. Mis | Kontekstuele vraag | 25 punte |

*** LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit Afdelings B en C. INDIEN DIE OPSTELVRAAG IN AFDELING B BEANTWOORD IS, MOET DIE KONTEKSTUELE VRAAG IN AFDELING C GEKIES WORD EN ANDERSOM.**

KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG NOMMER | GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD | MERK |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>Voorgeskrewe gedigte | 1 – 4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>Ongesiene gedig | 5 – 6 | 1 | |
| B: Roman<br>Opstel- of kontekstuele vraag | 7 – 12 | 1 | |
| C: Drama<br>Opstel- of konteksvraag | 13 – 16 | 1 | |
| **LET WEL:<br>Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit Afdeling B en C** | | | |

## AFDELING A

## POËSIE

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

**Behoefte aan ongunstige weers- en ander omstandighede** **T.T. Cloete**

Die land het 'n te veel
aan ryk boere met Ford
en Fordson te veel halfgeleerde sportiewe studente
studeer aan te veel universiteite met te veel sosiale personeel
te veel is die somerdae en te kort
is die winters dun is die herfs vals die lente.

Die land het te veel binneland te veel olifante en leeu
en te min watervoëls te min mere en koue poel
met swane niks steur
die voetbalson nie as hulle vleis braai sneeu
dit nooit geen mis spoel
soos melk teen die ruite nie geen sprokies gebeur

in woude nie. Daar is te veel koerante
en koerantsterre soos hoere en moordenaars
te veel onmonargale koninginne en trompoppies
te veel annalante joollieste te vele sonnante
mercedese te veel minnaars
en ministers met hul adjunkte en ander snoppies.

Daar is te min skilderye en boeke
en te min koue en kaggelvuur maande aanmekaar
skyn die son daar is geen verbeeldingryke ommekeer
van seisoene en menings nie geen donker hoeke
teen storms nie te min storms te ver uitmekaar
lê hemel en aarde met tussenin te veel mooi weer.

*[Uit: Angelliera, 1980]*

### OPSTELVRAAG

Die spreker lewer sosiale kommentaar en lig 'n paar vergrype (oordadighede) uit; asook menslike swakhede.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 – 300 woorde. Lig dit toe met voorbeelde uit die gedig. **[10]**

**OF**

## VRAAG 2

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarna volg.**

**Herinneringe** — **Koos du Plessis**

Jou beeld is 'n verflenterde foto
in 'n skewe, versplinterde raam
en 'n sestal geskommelde letters
spel jou tweelettergrepige naam.

Jou woorde is dor manuskripte
vir die motte bewaar op die rak
en ons dae 'n kralesnoer syfers
op 'n outydse muuralmanak.

Jou oë was die kleur van die aarde,
van saffier, van smarag of agaat,
en jou stem 'n ontwykende deuntjie
gevange in 'n stukkende plaat.

vergete is die lag in jou oë
of die tranespoor oor jou wang,
maar soms in die nanag onthou ek
hoe diep ek na jou kon verlang.

Want wat ek vir altyd wou vashou,
het die tyd uit my hande laat gly
en wat ek so graag wou vergeet het,
is vir ewig gebalsem in my.

*[Uit: Om jou verlaas te groet, 1985]*

2.1 Wat is die sentrale idee van die gedig? (1)

2.2 2.2.1 Haal 'n metafoor uit reëls 6 – 8 aan. (1)

2.2.2 Verklaar dié metafoor. (1)

2.2.3 Dink jy die metafoor ondersteun die gedagte van 'n verbrokkelde verhouding? Motiveer jou antwoord. (2)

2.3 Dit wat behoue gebly het en onthou word, kan in twee groepe verdeel word. Noem die twee groepe. (2)

2.4 2.4.1 Wat is die implikasie van die woord *"gebalsem"* in die slotreël? (1)

2.4.2 Waarom is die gebruik van dié woord ironies? (2)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 3

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Twee kleuters in die Vondelpark** — **Elizabeth Eybers**

Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
'n klein oneindigheid lank hand-in-hand.

Smetloos geteken dryf die dubbelswaan:
gesplete hart van hals en dubbelhals,
geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
geslote snawel deinserig vervals
met eenkant lug en water anderkant.

Versadig van die roerlose gesig
pluk hy - die seuntjie - plotseling haar hand
vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
as sy nog strompelend omkyk na die swaan.

Verby die bome druis die straatrumoer.

Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
bromfiets tot motor, sal hy konstateer
- die wiel sy ordeteken - dat hy lid
is van die kollektiewe Lilliput.

Maar sý sien webbe onderwater roer.

Miskien is dit die laaste dag van staar
en grondelose verwondering. Wat sou
hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
'n Saaklike barbaar, 'n fyn sadis,
'n doktrinêre Hollandse meneer?
En sý 'n druk slagvaardige mevrou
met 'n allure van dít-is-soos-dit is?

Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

*[Uit: Balans, 1962]*

3.1 Waarna staan die twee kleuters en kyk? (1)

3.2 Watter simboolwaarde word geheg aan dit waarna die kinders kyk? (2)

3.3 Watter verskil(le) is daar tussen die dogtertjie in strofe 3 en die dame in strofe 7? (2)

3.4 Stem jy saam met die spreker se tekening van die verskil tussen die twee geslagte soos uitgebeeld in strofe 3? Motiveer. (2)

3.5 Wat is die funksie van die eenreëlige strofe 4? (1)

3.6 Verduidelik versreël 17 (1)

3.7 Verklaar die suggestie in die slotreël. (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 4

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarna volg.**

**die straatkind** **Linda Roos**

ek wou verbymik met die selfbewuste ongeërgde blik
wat ons vir bedelaars en pendelaars en hoere reserveer -

verby die kind wat eenkant om die vullisdromme snuif
wat sy skraal skouers gereed dra soos spiese
of 'n heining: maar agter dié heining
het sy vuil hemp skielik opgekrimp soos 'n ou roof
en 'n toegepleisterde wêreld
op die sypaadjie laat bloei
waar bome onder die skril bevel van sae steun
konyne spartel in steriele laboratoriums
en lammers teen die slagterslem

en daar was wysheid in die lug
(nes dié ander dag uit die wolke)
maar soos van ou mans met klam monde op parkbankies
en kras soos kraaie

toe ek wegdraai was daar 'n geruis in my ore
en onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg
van 'n vlerk

*[Uit: 'n Hokvol dwase, 1986]*

4.1 Waarom is die titel alles in kleinletters? (1)

4.2 Waarop dui die bepaalde lidwoord in die titel? (1)

4.3 Verduidelik die ironie in die titel. (2)

4.4 Skryf die oksimoron in strofe 1 neer EN verduidelik die stylfiguur. (2)

4.5 Verduidelik die beeldspraak in versreël 4. (1)

4.6 Tot watter insig ervaar die spreker die boodskap in die gedig? (1)

4.7 Waarom is die gebruik van die woorde *"roof"* en *"bloei"* in die konteks van die gedig relevant? (1)

4.8 In strofe 2 word drie ekologiese probleme genoem. Hoe skakel hierdie probleme by die gedig in? (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ONGESIENE GEDIG

### OPSTELVRAAG

**Dit is volbring**

mens sien pas voor die oomblik van die dood
glo prente van tevore, kiekies uit 'n laai
wat lank daar lê: die skoolkonsert, die groot
party, son op die agterstoep, 'n skaaprib bruin gebraai

straks het die Heiland só op golgota gesien:
net voor die sterwe goeie dinge, hoe Hy slaap
terwyl dissipels roei, die vroue wat Hom dien
die bruilofsvrolikheid en hoe die wyn opraak

dalk was getsémané te naby, al die angs, sy lyf
te stukkend van die kats en spykers, te vol pyn
- verwarring in die tuin het almal uitmekaar gedryf -
hoe kon Hy nog aan kana dink by hisop en asyn?

tog moes Hy dit onthou hoe hul vry uit kon vaar
voor Hy, bloed oor die ribbes, kon vergeef: dis klaar

*[Uit: I.L. de Villiers Leviet en vreemdeling, 1978]*

Besin oor die opdrag wat volg en skryf enkele goed gestruktureerde paragrawe van 250 – 300 woorde in totaal. Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan.

Bespreek die gedig se uiterlike bou, sowel as innerlike bou.

**[10]**

**OF**

## VRAAG 6: ONGESIENE GEDIG

## KONTEKSTUELE VRAE

**Dit is volbring**

mens sien pas voor die oomblik van die dood
glo prente van tevore, kiekies uit 'n laai
wat lank daar lê: die skoolkonsert, die groot
party, son op die agterstoep, 'n skaaprib bruin gebraai

straks het die Heiland só op golgota gesien:
net voor die sterwe goeie dinge, hoe Hy slaap
terwyl dissipels roei, die vroue wat Hom dien
die bruilofsvrolikheid en hoe die wyn opraak

dalk was getsémané te naby, al die angs, sy lyf
te stukkend van die kats en spykers, te vol pyn
- verwarring in die tuin het almal uitmekaar gedryf -
hoe kon Hy nog aan kana dink by hisop en asyn?

tog moes Hy dit onthou hoe hul vry uit kon vaar
voor Hy, bloed oor die ribbes, kon vergeef: dis klaar

*[Uit: I.L. de Villiers Leviet en vreemdeling, 1978]*

6.1 Waarmee word die herinneringe of "prente" vergelyk? (1)

6.2 Watter woord in strofe 1 sê dat die spreker nie heeltemal seker is van sy saak nie? (1)

6.3 Gee bywoorde uit onderskeidelik strofe 2 en 3 wat by die woord in VRAAG 6.2 aansluit. (2)

6.4 Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 3? (1)

6.5 Dui die rympatroon van die eerste strofe aan en benoem die rymsoort. (2)

6.6 Volgens die spreker het Jesus aan 'n reeks "goeie" dinge gedink voor Sy dood. Noem EEN van hierdie "goeie dinge" waarna daar weer in die gedig verwys word. (1)

6.7 Met watter soort digvorm het ons hier te make? (1)

6.8 Gee 'n frase uit die gedig wat dieselfde sê as die titel. (1)

**[10]**

## AFDELING B: ROMAN

| AFDELING B: Beantwoord OF die OPSTEL OF die KONTEKSVRAAG: ROMAN | | |
|---|---|---|
| Vraag 7 Manaka plek van die horings | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 8 Manaka plek van die horings | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 9 Die kwart-voor-sewe-lelie | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 10 Die kwart-voor-sewe-lelie | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 11 Vatmaar | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 12 Vatmaar | Kontekstuele vraag | 25 punte |

### VRAAG 7: MANAKA PLEK VAN HORINGS Pieter Pieterse
### OPSTELVRAAG

**Ouma Essie vorm in 'n mate 'n parallel met Baas.**

Skryf 'n opstel van 400 – 450 woorde waarin jy hierdie stelling bespreek. Verwys onder andere in jou bespreking na beide se vertwyfeling, hul drome en die invloed wat hul op ander gehad het. **[25]**

## VRAAG 8

## KONTEKSTUELE VRAAG

| |
|---|
| Twee jaar ná sy aankoms op die kontinent vestig Dennis Chipman hom op die wal van die Zambezi tussen die mense van die Lozi-stam in Barotseland, die westelike provinsie van die huidige Zambië. Hy vang nie 'n enkele skoenlapper nie, en gaan nooit terug na sy land van herkoms nie.<br><br>***********<br><br>Die jong Dennis Chipman bring smiddae na skool en gedurende vakansies saam met sy pa Page tyd deur in die woude waar die bosreuse met byle neergevel en met putsae verwerk word – kiaat, mahonie, vaalbos, witstinkhout. Toe sy pa die eienaar van 'n saagmeule word, is hy in die fabriek waar die hout verwerk word ewe tuis as in die bos. |

8.1 Wat is die verwantskap tussen Baas en Dennis Chipman? (1)

8.2 Waarom het die Kanadese regering Dennis Chipman na S.A. gestuur? (1)

8.3 Het hy die opdrag uitgevoer? Motiveer jou antwoord. (1)

| |
|---|
| Aan 'n takkie van die bougainvillastomp bemerk hy iets soos blaarbotsels. Hy streel met die rugkant van sy hand oor die belofte van kleur. Dis nie net blare wat aan't vorm is nie. Op die punt van die takkie is ook blombotseltjies. Nou eers sien hy tussen die droë bas onder aan die stam ook 'n repie lewendige bas boontoe kronkel.<br><br>Niemand anders as Dennis Chipman kon hierdie ranker geplant het nie, besef hy. Hy grawe met 'n skerp stok die harde gruisgrond om die stam verder los en maak sy waterkan in die holte leeg. |

8.4 Hoe lyk die Bougainvilla-stomp wanneer Baas dit die eerste keer sien? (1)

8.5 Beskryf die progressie ten opsigte van die Bougainvilla. (2)

8.6 Hierdie progressie loop parallel met twee ander sake in die verhaal. Noem hulle. (2)

| |
|---|
| "Daar is ook plek in my huis, muluti. Tibelelo se hut staan leeg." Ouma Essie druk op die kierie. Haar maer lyf kom krakerig regop. 'n Warm wind ruk deur die oewerbos. "Daar het al op 'n tyd 'n wit mens by ons geslaap. Hy het 'n week daar gebly. Dit was toe sy bakkie stukkend was."<br>Oom Scholtzie gaan bêre die wyn wat oorgebly het. "Ek sal jou wegbring Mubuyu toe, ouma Essie. Ons sal regkom hier onder die afdak."<br>"Ek slaap nie daar nie," sê Griesel.<br>Die bastou breek. Die honde storm. Griesel ruk die slaaphut se deur oop, struikel na binne en klap dit toe. |

8.7 Wat het aanleiding gegee dat Griesel Baas se slaaphut probeer oopbreek? (1)

8.8 Sou jy sê Griesel se optrede kan geregverdig word? Motiveer. (1)

8.9 Met Oom Scholtz se gebed vir Manaka, wil Baas nie deel van die kring vorm nie. Hoekom nie? (1)

8.10 Wie besleg die geskil tussen Manaka en Griesel? (1)

8.11 Waarom is Manaka die geskikte plek vir die sendingstasie volgens die beslegter. (2)

8.12 Wat is die simboliek aan die vaskap van die Vlakvarkskedel op die grens van Manaka? (2)

8.13 Die sendelinge se droom en Baas se droom word vernietig.

8.13.1 Verduidelik wat hierdie drome onderskeidelik was. (2)

8.13.2 Verduidelik hoe hierdie drome vernietig is. (1)

8.13.3 Tot watter insig kom Baas na hierdie vernietiging? (1)

8.14 Kort hierna ontvang Baas 'n brief van sy neef. Wat is ironies hieromtrent? (2)

8.15 Noem TWEE maniere waarop Baas sy teenwoordigheid op Manaka bevestig. (2)

8.16 Watter simboliese waarde kan in die skuif van Grace se stampblok gelees word? (1)

**[25]**

## VRAAG 9: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE Eleanore Baker

## OPSTELVRAAG

**Die kwart-voor-sewe-lelie kan beskou word as 'n satire.**

Bewys hierdie stelling in 'n opstel van nie meer as 450 woorde nie, deur te verwys na seksuele verhoudings, die huwelik en politieke aspekte. **[25]**

## VRAAG 10

## KONTEKSTUELE VRAAG: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE Eleanor Baker

Lees die onderstaande uittreksels noukeurig en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

> "Nie bedags nie." Hy het my aan die arm gevat en ons het begin loop terwyl hy feite aframmel, soos hoeveel bome daar groei, hoe groot die oppervlakte is, hoeveel mere en dammetjies daar is en waarvoor die park alles gebruik word. As hy 'n besondere mooi sneeubelaaide boom gesien het, moes ek met my nuwe stewels soontoe ploeg sodat hy 'n foto kon neem. Dit was vir my onbegryplik waarom hy my wou afneem, ek was ongegrimeer en ek het geweet my neus raak rooier en natter hoe verder ons loop. Daarby was daar vir my iets twyfelagtigs in my gewilligheid om tog te doen wat hy vra. Waarom sit ek so maklik my glas (of koppie) neer en volg as iemand vir my sê: "Kom"?

10.1 Waar bevind Iris haar? (1)

10.2 Wie is die hy waarna verwys word? (1)

10.3 Waarom wil hy Iris afneem? (1)

10.4 Hoe skakel hierdie gedeelte met die titel van die boek? (2)

10.5 Een van die betekenisse van Iris se naam is 'n gedeelte van die oog wat ook 'n iris genoem word. Hoe is hierdie betekenis van toepassing op die aangehaalde gedeelte? (2)

10.6 By watter ander geleentheid het Iris net so gewilliglik haar glas neergesit en gevolg? (1)

> Redding het uit 'n onverwagte oord gekom. Toe ons om 'n draai gestap kom en ek skielik weer vir Fifth Avenue anderkant die reling sien, het ek die een bekende gesig op 'n bankie sien sit, 'n oop kartondosie op sy skoot en 'n plastiekbekertjie aan sy lippe. Die swart taxibestuurder.

10.7 Wie is hierdie taxibestuurder? (1)

10.8 Wat is vreemd ten opsigte van hulle verhouding? Noem twee aspekte. (2)

> Sy, wat 'n kop langer was as Jonsie, het onomwonde verklaar dat sy nooit so iets sou doen nie. Geen man sou vir haar voorskryf wat sy met haar lewe moet doen nie.
> "Dit was nie net Peter nie," het ek my verdedig. "Ek was self nie lus daarvoor nie."
> Dit het haar nie tevrede gestel nie. Sy het Peter eintlik net uit foto's geken, maar sy het die familie bestook met vrae oor sy karakter en herkoms. As Jonsie so redelik was, waar kom die chauvinistiese vark vandaan? wou sy weet.

10.9 Na watter gebeure verwys Merel hier? (1)

10.10 Ons lees ook van twee ander geëmansipeerde vroue in die verhaal. Wie was hulle? (2)

10.11 Het hulle siening enigsins deur die loop van die verhaal verander? Verduidelik. (2)

10.12 Iris gebruik ook in haar fantasieë 'n sterk vroue-karakter, Gretha. Om watter rede kan ons sê sy pas by die twee vroue genoem in VRAAG 10.10? (1)

> En daar, doodluiters voor die venster, het die Engel gestaan, rustig besig om sy vlerke glad te stryk.
> "Nou het jy te ver gegaan," het ek getier en gesorg dat die deur toe is. "Jy behoort van jou vlerke gestroop te word. Jy moet herroep word vir indiensopleiding."

10.13 Hoe het Iris aan die engel gekom? (1)

10.14 Wat is die funksie van die engel in Iris se lewe? (2)

10.15 Tot watter insig bring die engel Iris? (2)

10.16 Die storielyn/intrige vind binne drie vlakke plaas. Noem hierdie drie vlakke. (3)

**[25]**

## VRAAG 11

## OPSTELVRAAG: VATMAAR — A.H.M. Scholtz

**Daar is twee teenstellende tipes verhaallyne in *Vatmaar* - een waarin goedheid beloon word en een waarin swaarkry onverdiend is.**

Bespreek hierdie twee verhaallyne in 'n opstel van 400 – 450 woorde en lig dit met voorbeelde toe. **[25]**

## VRAAG 12

**KONTEKSTUELE VRAAG: VATMAAR** **A.H.M. Scholtz**

Lees die onderstaande uittreksels noukeurig en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

> Op die Sondag na die dag waarop die oumense hulle se pensioen gekry het, het ons jongetjies altyd vir Ta Vuurmaak by sy "cabin" gaan kuier. Dis hoe Tommy Lewis die treinwatertenk genoem het en almal het die naam gebruik. Dan het Ta Vuurmaak vir ons ou stories van Vatmaar vertel. Hy het altyd 'n bottel sjerrie vir die okkasie gebêre.
>
> * * * * * * * * * * *
>
> Dit was 'n lang wag tot die Sondag na die volgende pensioendag. Ta Vuurmaak het 'n kelkie gehad wat hy uit een van die plaashuise gehaal het en dit was sy kosbaarste besitting, het hy gesê. Net hy mag daaraan geraak het. Hy het altyd gesê dis sy oorlogsgedagtenis. Hy het dit vol sjerrie gemaak en gesê 'n mens moet dit drink soos by die nagmaal, en dan het hy die wyn so stadig gedrink as hy maar kon.

12.1 Noem EEN van die persone wat vir die stigting van Vatmaar verantwoordelik was. (1)

12.2 Hoe het Vatmaar aan sy naam gekom? (1)

12.3 Verwys na Ta Vuurmaak en gee 'n voorbeeld waar inwoners van Vatmaar se lewens en gebruike mekaar beïnvloed (1)

12.4 Waarom kan Ta Vuurmaak as 'n universele figuur gesien word? (2)

12.5 Wat het Ta Vuurmaak met sy oorlogsmedalje gedoen? (1)

12.6 Waarom het Roman skuldig gevoel oor die dood van Ta Vuurmaak? (1)

> Hy het vir die swartvrou gesê: Ek vra - en sy hand oor sy mond gesit.
> Sy het gelag en die pot van die vuur afgehaal en gesê: Gaan haal hout. Jy koud. Hy het daar naby gaan hout haal, dit op die vuur gesit en hy was gou warm. Hy was kaalvoet, met net 'n kakie Tommie-baadjie wat hy gesteel het, aan. Sy voete was vol winterblase.
> En weet jy wat het hierdie ouma gedoen? het Norman van der Westhuizen vir jou pa gevra. Heinrich het gesê, sy het twee blikkieborde en 'n kalabas melk gaan haal en vir elkeen van 'n groot bak pap geskep.

12.7 Waarom beland Borman by Ma Khumalo? (2)

12.8 Wat het hy en Ma Khumalo in gemeen gehad? (1)

12.9 Waarvan is Norman se naamsverandering simbolies? (1)

12.10 Wie vind nog 'n holte vir haar voet by Ma Khumalo? (1)

12.11 Hoekom het haar ouers haar verjaag? (1)

12.12 Hoe bewys hierdie karakter (12.10) haar dankbaarheid jeens Ma Khumalo? (1)

> Tant Wonnie wat soos 'n voëlverskrikker gelyk het, met hartseer en 'n harde lewe oor haar hele gesig geskryf, het 'n hart van goud gehad. Sy was vreesloos in haar naasteliefde. Sy was die slagoffer van omstandighede, en die prys wat sy nou moes betaal, was oor sy anders was as haar medemense.

12.13 Wat het met tant Wonnie na die dood van Sanna Vosloo gebeur? (2)

12.14 Wie was verantwoordelik vir tant Wonnie se diefstalaanklag? (1)

12.15 Wie kom tot tant Wonnie se redding? (1)

2.16 In watter opsig is Piet se teenwoordigheid ironies? (2)

> Oom Chai het niks van hierdie Kapenaar gehou nie en hy het dit gereeld vir Bettie gesê. Sy het net altyd gesê: Jy is jaloers, my ou man.
> Die ander jong manne het ook nie van Boitjie gehou nie. Hulle was nie rokers nie en hulle het gesê: Hy probeer die Boitjie van die baan wees

12.17 Wie was Boitjie Afrika? (1)

12.18 Watter groot fout het Oom Chai begaan wat hom duur te staan gekom het? (1)

12.19 Wanneer het Boitjie Afrika die gaping gevul wat oom Chai nie kon vul nie? (1)

12.20 Wat het oom Chai gedoen om Boitjie uit hul lewens te kry? (1)

12.21 Boitjie Afrika bring nie net verdriet na Vatmaar nie. Watter vreugde het hy saamgebring? (1)

**[25]**

## AFDELING C: DRAMA

LET WEL: INDIEN DIE KONTEKSTUELE VRAAG IN AFDELING B BEANTWOORD IS, MOET DIE OPSTELVRAAG IN AFDELING C BEANTWOORD WORD, EN ANDERSOM.

## AFDELING C:

**Beantwoord OF die OPSTEL OF die KONTEKSTUELE VRAAG:**

## DRAMA

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 13<br>Krismis van Map Jacobs | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 14<br>Krismis van Map Jacobs | Kontekstuele vraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 15<br>Mis | Opstelvraag | 25 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 16<br>Mis | Kontekstuele vraag | 25 punte |

**VRAAG 13**

**OPSTELVRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS** **Adam Small**

**Een van die temas van die drama is ontworteldes wat uitgelewer staan. Maud, Cavernelis en Blanchie is sprekende voorbeelde hiervan.**

Skryf 'n opstel van ongeveer 400 – 450 woorde waar jy dié stelling bespreek. **[25]**

**OF**

## VRAAG 14

## KONTEKSTUELE VRAAG: KRISMIS VAN MAP JACOBS Adam Small

Lees die onderstaande uittreksels noukeurig en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

| | |
|---|---|
| MAP: | Tommy Sobotker! En Cyril, en Richie, en Willy la Guma, en Blanchie ...almal...almal.. *(Lag, dieselfde lag, en staar voor hom uit.)* Almal hier, almal in hierdie strate, in hierdie huise, almal...*(Lag)* En die employers, o, almal die employers...Hulle is almal so sympathetic...Blanchie, ja even Blanchie, almal is so sympathetic... But..*(sê dit baie hard)* but, but, but, but ...sympathetic,... *(Stil. Lag weer)* Even Cyril en Richie!...Apostel George, ek wiet jy't my ge-warn lat dit so sal wies,maar ...well..'is tough luck, Apostel George...*(Dan, skielik, skreeu hy)* "Is tough luck,Here! *(Dan praat hy, sagter, met Antie Grootmeisie, iewers in die huis)* 'Is tough luck, Ma! Lyster Ma?! *( Hy staan op, en praat asof hy voor die spieël staan.)* Here! ... en Ma!...*(Kyk na die baie tatoeërmerke op sy lyf)* ...Nei...*(Lag)*... Hulle vat jou nie so nie! Hulle accept jou nie so nie! Map Jacobs, hulle vát jou nét nie so nie!"Cause why? "Cause hulle kan sién waarvandaan jy kom, jou history is op jou arms, op jou lyf, op jou nek, op jou gesig even ...jou history en jou geography, jou...alles! *(Lag weer)* Hulle vat ga' vir jou so nie! *(Stil. maar die straat beweeg, en hy wys na almal daar.)* Ma! Ek was al by 'n hele élf employers. Miss Africa, die social worker, sy help...maar, dan kom jy daar, en although Miss Africa ge-phone het, voor'ie tyd, sê die manager se secretary, ofso iemand, Have you got any testimonials, mister Jacobs, while sy vir jou so kyk lat die tattoos onner jou hemp en polo-neck wárm word en bránd...Any testimonials?*(Lag)* Ma! Dan wil ek skree en ek wil sê, Well, nee, except vir my tattoos nie ...maar dan bly ek stil...banggat wat ek is, dan bly ek stil...maar after all, ek is in-wanted nou...<br>Dan sê ek, nei ek is sorry, Sir, ek is sorry, Madam, maar ek het nie testimonials nie...Where were you working last, vra hulle dan vir my...en wat kan ek sê, 'cause last is nie last soes tién jaar gelede nie, Ma, last is mos soes láás jaar! En wat kan ek dan sê? *(Lag)* Innie tronk, meneer, innie tronk, juffrou! Daais waar ek was laas! Ek was in vir ... Ek het twaalf jaar gekry, ek het sewe jaar geserve, ek is hierso nou 'cause ek is yt op parole! Ek het my goed gedra, ek was jammer oor alles, ek ...*(Lag, beweeg oor die verhoog)* En jou rekord, mister Jacobs, was vir...? O, dit was vir, dit was vir...vir...moord!*(Lag hard)* Hulle sê dan vir jou, om maar tyd op te maak, 'cause hulle't kant en klaar ge-decide oor jou...sommer maar om tyd op te maak...*(Lag)* Please could you fill this form,mister Jacobs! Mister Jacobs like ...En dan fill mister Jacobs die form in...Surname, first names, address, et cetera, et cetera ....en, Could you just sign there,mister Jacobs, on the dotted line, en dan sign mister Jacobs, as if matters, on the dotted line...Shit! We'll let you know...within the next day or two...En wanneer jy loop, dan vang jy die secretary, of die ou wat jou ge-interview het, se oeg...hulle kyk agter jou aan, of hulle vir jou jammer kry,'cause jy's so laag, jy try vir iets wat goed is, maar foei tog! Was in vir moord, en soek 'n job! You must be crazy!*(Dit saggiess, dan-)* Ma! Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle ...een húlle, net so dieselde...Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs af, nou... allerhande ekskusies... die membership is al vol, die vorms vir die end vannie jaar se competitions is al ingevul...*(lag)* Even die verskoning: Ons het al klaar 'n sax, as ons net gewiét het jy kom ýt, ou Map, maar ons het nie gewiet nie...Very sympathetic, almal! |

*Stilte, dan-*
MAP: Ma! Tommy Sobotker vertel vir my van Blanchie…van daai wit varke wat haar verlei…vir Blanchie, Ma…wat het moet ons gebeur, Ma, moet my en moet haar?*(Bewoë)* Ons was same op skool, in Elsiesrivier..alles het mooi gelyk, ek het gehou van haar, sy't gehou van my, en toe… kom al die dinge wat gebeur het… Hoekô avoid sy vir my?...Ek wil so graag net moet haar prààt, net vir haar sê, ek is sorry…Blanchie…Ek het shit aangevang…ek was ie meer die ou wat jy op skool geken het nie, ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek weer 'n mens geword,…

14.1 Verduidelik waarom ons kan sê dat al die genoemde persone in reël 1 ook gevangenis is. (2)

14.2 Hoe maak Tommy Sobotker 'n bestaan? (1)

14.3 Waarom het Map sy lyf so laat tatoeëer? (1)

14.4 Watter belangrike tema van die drama word in hierdie uittreksel aangespreek? (2)

14.5 Sou jy sê Map is regverdig teenoor homself om te sê hy is 'n banggat? Motiveer jou antwoord. (2)

14.6 14.6.1 Vir watter moord was Map in die tronk? (1)

14.6.2 Hoekom het Map by hierdie soort van dinge betrokke geraak? (1)

14.6.3 Die gevolge van die moord het verder gestrek as net om nie 'n werk te kry nie. Noem TWEE gevolge van die aand se moord. (2)

14.7 14.7.1 Na watter "band" verwys Map? (1)

14.7.2 Waarop sinspeel die naam van die orkes? (1)

14.7.3 Map het die saksofoon in die orkes bespeel. Waarom is dit belangrik dat hy juis hierdie instrument moes bespeel? (1)

14.8 14.8.1 Watter tipe leerder was Map? (1)

14.8.2 Waarom het dinge dan vir Map na matriek so verkeerd geloop? (1)

14.9 Is dit die "wit varke" wat Blanchie verlei het? Motiveer jou antwoord. (1)

14.10 Waarom word Blanchie se gesin nie deur die gemeenskap aanvaar nie? (2)

14.11 Blanchie en Cavernelis het 'n droom gehad. Hoe het hierdie droom aan 'n einde gekom? (1)

14.12 Glo die gemeenskap dat Map verander het? Motiveer. (1)

14.13 Aan watter optrede kan ons werklik sien dat ons nie meer met die ou Map te make het nie? (1)

14.14 Die betekenis van die titel van die drama kom baie duidelik in die gedeelte na vore. Bespreek. (2)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 15

**OPSTELVRAAG: MIS** **Reza de Wet**

**Miem en Gertie word as erg konserwatief beskou. Tog vorm beide deel van die Calvinistiese skynheiligheid.**

Skryf 'n opstel van ongeveer 400 – 450 woorde waar jy dié stelling bespreek. **[25]**

## VRAAG 16

**KONTEKSTUELE VRAAG: MIS** **Reza de Wet**

**Lees die onderstaande uittreksels noukeurig en beantwoord die vrae wat volg.**

| | |
|---|---|
| MEISIE: | Ja, Ma. |
| MIEM | Sit regop! Hoeveel keer moet ek dit nog sê? As jy 'n man wil hê, moet jy let op jou postuur.<br>*Hulle werk verder.* |
| MIEM: | *(na 'n stilte)* Dan is dit altesame tweehonderd. Ek het vanmiddag gaan tel. Die ander honderd-en-sewentig is heeltemal vol en toegewerk.*(Byt garing met haar tande af)* So ja.<br>*(Hou die sak uit na Meisie)*<br>*Meisie neem die sak en sit op die hoop. Terwyl Miem verder praat, trek sy 'n lengte goiing van die rol af en meet dit.* |
| MIEM: | Kom nou, Meisie, hou reguit.<br>*Meisie trek die goiing styf terwyl Miem sny.* |
| MIEM: | *(sny)* Die skêr is al weer stomp, Meisie, jy moet dit slyp. Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand. Vroeglente wil almal die grond bewerk.*(Baie vriendelik)* Miskien koop ek vir jou 'n nuwe rok. *(Neem die goiing, skuif die rol eenkant toe en gaan sit moeisaam.)*<br>*Die wind huil om die huis.* |
| MEISIE: | *(sit ook)* Dankie, Ma<br>*Kort stilte. Hulle werk.* |
| MIEM: | Wat was dit! |
| MEISIE: | Wat, Ma? |

16.1 Waaruit maak Miem en Meisie 'n bestaan? (1)

16.2 Waarom, volgens Meisie, kom kuier die kêrels nie vir haar nie? (1)

16.3 Hoe probeer Meisie die misreuk verdryf? (1)

16.4 Die titel Mis kan op meer as een vlak gelees word. Dit kan onder andere dui op vrugbaarheid. Gee TWEE bewyse vir hierdie stelling. (2)

16.5 Wat was die gevolg van Meisie se skelm besoek aan die sirkus? (1)

MIEM: *(opgewonde)* Nou kan ek vir u alles vertel. Dit het twee jaar gelede begin. Meisie!
MEISIE: *(verskrik)* Ja, Ma?
MIEM: Vat die sakke wat klaar is en stapel hulle op die sakke wat buite lê.
MEISIE; Maar ek maak vir die konstabel koffie.
GERTIE: Toemaar, ek sal dit doen.
MIEM: Meisie, maak soos ek sê!

*Meisie beweeg vinnig na die sakke in die hoek.*
MIEM ; *(agter haar hand)* Konstabel, sy is nog so jonk en onskuldig. Ek wil nie hê sy moet hierdie dinge hoor nie.
*MEISIE sleep die sakke na die deur.*
MIEM: Meisie, los die deur oop as jy uitgaan. Dan kan ons hoor as jy gil.
KONSTABEL : U is baie verstandig.
MEISIE ; Ja, Ma *(Maak die deur oop en sleep die sakke na buite. Gaasdeur klap toe)*

*Die sirkusmusiek kan gehoor word. Die KONSTABEL draai sy kop na die deur asof hy daarna luister.*

MIEM : Dit het alles twee jaar gelede begin.
GERTIE : *(kom gretig nader)* Met Sannie Koen!

*Die KONSTABEL draai sy kop na MIEM en GERTIE.*

MIEM ; Eers het almal gedink sy het sommer weggeloop. En dit oor haar ma se ipe=konders. Maar *(onheilspellend)* maar wat sal ek hoor? Sy het geen tas gevat nie en sy is weg in haar aannemingsrok ...sonder skoene!

16.6 Watter TWEE ruimtes word die hele tyd in die drama teen mekaar afgespeel? (2)

16.7 Hoe is die gehoor bewus van die buiteruimtes? (1)

16.8 Waarom word die datum 31 Augustus spesifiek in die drama genoem? (2)

16.9 Waarom is dit beduidend dat die gebeure in die aand en 24:00 afspeel? (2)

16.10 Miem is 'n manipuleerder. Verwys na 'n gebeurtenis om die stelling te staaf. (2)

16.11 Waarom is Miem se gebrek aan selfinsig en geestelike hoogmoed ironies? (2)

16.12 Miem is bysiende; maar sy is figuurlik gesproke blind. Lig hierdie stelling toe met 'n voorbeeld. (1)

Die KONSTABEL kom binne. Hy dra 'n ronde donkerbrilletjie en 'n helm. In die een hand hou hy 'n wit kierie vas en in die ander 'n groot leersak of 'Gladstone bag'. Daar heers 'n doodse stilte terwyl MIEM, MEISIE en GERTIE hom sprakeloos aankyk. Deur die oop deur kan die sirkusmusiek gehoor word.

KONSTABEL: (na 'n stilte. Glimlag) Soos u kan sien, is ek heeltemal blind. En u vind dit ontstellend. Hoe kan ek 'n ogie oor u hou as ek niks kan sien nie? Dames, wees tog gerus. Hulle noem my nie verniet Snuf-in-die-neus nie.(Hy tik met 'n voor vinger teen sy neus.) wat ek nie al kon uitsnuffel nie!

MIEM: (onseker) Naand, Konstabel.

GERTIE: Naand, Konstabel.

KONSTABEL: Nee, wag eers. Moet julle tog nie aan my voorstel nie. (Hy begin in die lug rondsnuffel.)

MEISIE maak die deur vinnig toe. MIEM en GERTIE hou hom roerloos dop.

• • •

KONSTABEL: Ek hoop ek het u gerusgestel. En my ander sintuie ... is byna net so goed ontwikkel. Ek het byvoorbeeld vannag geweet dis volmaan daarbuite.

MEISIE: (verwonderd) Kan 'n mens die maan dan ruik?
KONSTABEL: (glimlag) Nee, Juffrou.
MEISIE: (laggie, herhaal sag) Juffrou ...
KONSTABEL: Dis net – met die volmaan is alles anders.
MEISIE: (gretig) Hoe ... anders?

16.13 Hoe bevry die konstabel Gertie? (2)

16.14 Die konstabel se sintuie is goed ontwikkel. Waar beleef Miem-hulle dit eerstehands? (1)

16.15 Waarvan raak die konstabel die verpersoonliking? (1)

16.16 Waarom is die omdop van die polisie-uniform se baadjie uiters funksioneel in die drama? (1)

16.17 Verduidelik die woordspeling in "snuf-in-die-neus". (2)
**[25]**

**TOTAAL: 80**